



eduresourceza.com



INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur

100 punte

INLIGTINGSBOEKIE

VRAAG 1 BEGROTINGS**[27 punte; 32 minute]**

Die inligting het betrekking op Outdoor Adventures wat deur T Gariseb besit word. Die onderneming spesialiseer in die verkoop en herstel van kampeertoerusting.

Outdoor Adventures
Kontantbegroting vir die DRIE maande eindigend 31 Januarie 2025

	November	Desember	Januarie
Kontantontvangste			
Kontantverkope	527 040	A	305 970
Ontvangste van debiteure	216 000	351 360	?
Herstelwerkinkomste	310 000	123 000	21 000
Totale ontvangste			
Kontantbetalings			
Kontantaankope van voorraad	976 000	452 750	283 306
Reklamekoste	B	?	10 199
Betaling op lening	50 000	0	0
Rente op lening	1 500	1 000	C
Salarisse en lone	37 000	42 000	30 000
Ander bedryfsuitgawes	?	6 300	D
Onttrekkings deur eienaar	E	?	?
Surplus/tekort		865 054	
Beginbanksaldo	(10 430)	(102 579)	F
Eindbanksaldo	(102 579)		1 390 291

Bykomende inligting:

1. Die verwagte voorspelde verkope is:

November	Desember	Januarie
878 400	?	509 950

2. 'n Winsgrens van 80% op kosprys is op alle verkoopstransaksies van toepassing.

Vorraadaankope is slegs op 'n kontantbasis.

- Aan die einde van November 2024 sal voorraadaankope na verwagting dubbel die November verkope wees.
- 50% van die Desember 2024 voorraadverkope sal aan die einde van Desember vervang word.
- Januarie verkope sal aan die einde van Januarie 2025 vervang word.

3. Reklamekoste word as 'n persentasie van totale verkope vir die spesifieke maand bereken. Dieselfde persentasie word gebruik om die reklamekoste van Januarie tot Oktober elke jaar te bereken. Wanneer die reklamekoste vir November en Desember bereken word, sal die persentasie drie keer die persentasie wees wat in ander maande gebruik word.
4. Ander bedryfsuitgawes sal na verwagting na Desember met 5% toeneem.
5. Leningterugbetalings word op 30 November elke jaar gedoen.
6. Die eienaar se onttrekkings vir November sal R50 000 wees, wat bestaan uit goedere met 'n kosprys van R28 000 en die res in kontant.
7. Die onderneming voorspel 'n oortrokke bankrekeningsaldo aan die einde van November. Die finansiële bestuurder oorweeg die volgende beskikbare opsies:

OPSIE 1	OPSIE 2
Doen aansoek vir 'n oortrekkings-fasiliteit by die bank. Hierdie oortrekking sal 'n rentekoers van 1,9% per maand dra.	Open 'n rekening by 'n verskaffer om voorraad op rekening te koop. Die kredietbepalings is: • 30 dae. • 5% rente per maand wat gehef word op 60 dae of meer. Die helfte van November en Desember se aankope sal op rekening wees.

VRAAG 2 MAATSKAPPYONTLEDING**[48 punte; 58 minute]**

Vivo Energy is 'n petroleummaatskappy wat in 24 lande oral in Afrika bedryf word. Vivo Energy is 'n Shell- en Engen-lisensiehouer. Hulle verkry en versprei brandstof en smeermiddels.

Tot 2019 was Vivo Energy 'n Shell-lisensiehouer wat in 16 Afrika-lande bedryf is. In Maart 2022 het hulle ook onderhandelings met Engen Petroleum voltooi om deur Vivo Energy oorgeneem te word, wat agt nuwe lande en 230 diensstasies met die Engen-handelsmerk bygevoeg het.

A. Vivo Energy het drie afdelings waarin hulle handel dryf

	2023	2023	2023	2022	2022	2022
	Kleinhandels- brandstof	Kommersiële brandstof	Smeer- middels	Kleinhandels- brandstof	Kommersiële brandstof	Smeer- middels
Volumes verkoop (miljoen liter)	6 370	4 258	149	6 090	4 063	149
Bruto wins (R miljoen)	8 265	3 990	1 653	8 284	3 192	1 691

B. Vivo Energy

**Opsomming van die Staat van Omvattende Inkomste
vir die jaar eindigend 31 Desember**

	2023 R miljoen	2022 R miljoen
Omset	208 411	160 702
Koste van verkope	?	?
BRUTO WINS	?	?
Winkelruimteverhuring	785	513
BRUTO BEDRYFSINKOMSTE	14 693	13 680
BEDRYFSUITGAWES	(9 088)	(7 752)
Verkoops- en bemarkingsuitgawes	4 693	4 218
Algemene en administratiewe koste	4 028	3 515
Ander uitgawes	367	19
NETTO WINS VOOR RENTE	5 605	5 928
Rente op lenings	(1 653)	(1 121)
NETTO WINS VOOR BELASTING	3 952	4 807
Inkomstebelasting	(1 957)	(1 919)
NETTO INKOMSTE	1 995	2 888

Vivo Energy
Opsomming van die Staat van Finansiële Posisie op 31 Desember

	2023 (R miljoen)	2022 (R miljoen)
BATES		
Nie-bedryfsbates	24 694	33 972
Eiendom, masjinerie en toerusting	17 480	17 822
Finansiële bates	7 214	16 150
Bedryfsbates	44 897	36 347
Handels- en ander ontvangbares	22 153	14 231
Voorraad	13 054	10 716
Kontant en kontantekwivalente	9 500	11 153
Inkomstebelasting ontvangbaar	190	247
TOTALE BATES	69 591	70 319
EKWITEIT EN LASTE		
Aandeelhoudersbelang	3 781	16 777
Aandelekapitaal	12 035	12 035
Behoue inkomste/wins (Uitkeerbare fondse)	(8 254)	4 742
Nie-bedryfslaste	17 094	15 808
Huurverpligtinge	9 139	11 120
Lenings (16,5% p.j.)	7 955	4 688
Bedryfslaste	48 716	37 734
Huurverpligtinge	703	817
Handels- en ander betaalbares	48 013	36 917
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	69 591	70 319

C. Bykomende inligting:**1. Finansiële aanwysers soos op 31 Desember 2022**

Opbrengs op kapitaal aangewend	17,64%
Opbrengs op aandeelhoudersbelang	19,41%
Verdiens te per aandeel	119,98 sent
Dividende per aandeel	802 sent
Netto batewaarde per aandeel	697 sent
Skuld/ekwiteit-verhouding	0,94:1
Solvensieverhouding	1,31:1

2. Winkels en restaurante

Alle winkels en restaurante by die diensstasies is onderhewig aan 'n vyfjaarhuur-kontrak met maandelikse betalings eweredig oor die 5 jaar versprei.

Die enigste nuwe huurooreenkoms wat Vivo Energy aangegaan het, was vir die uitgebreide diensstasies. Geen winkels of restaurante word deur Vivo Energy self bedryf nie.

3. Direkteursverslag

Gedurende 2023 het Vivo Energy 12 ou eiendomme verkoop.

Die verhoging in die lening is gebruik om 60 klein diensstasies wat nie operasioneel was nie, uit te brei. Na hierdie uitbreidings was al hierdie diensstasies ten volle operasioneel teen Julie 2023. Geen nuwe persele is gedurende die jaar verkry nie.

4. Aandelekapitaal

Vivo Energy het gemagtigde aandelekapitaal van 2 407 miljoen aandele. Na die uitreiking van aandele aan Engen-aandelhouders was alle aandele uitgereik.

5. Dividende

Die ooreenkoms met Engen het bepaal dat 30% van Vivo Energy se gemagtigde aandele in 2022 deur voormalige Engen-aandelhouders opgeneem sal word. Hierdie aandelhouders sal ook geregtig wees op 'n tussentydse dividend in 2023.

Vivo Energy het op 1 Julie 2023 'n tussentydse dividend van R2 per aandeel verklaar wat uit uitkeerbare fondse (behoue inkomste) betaal is. Slegs die voormalige Engen-aandelhouders het vir hierdie dividend gekwalifiseer.

Op 30 Oktober 2023 is 'n finale dividend van R4,50 per aandeel deur Vivo Energy verklaar aan alle aandelhouders in die aandelhoudersregister.


6. Huurverpligtinge

Die huurverpligtinge het ontstaan uit die huur van persele vir sommige van die diensstasies. Hierdie ooreenkomste is vas vir 'n tydperk van 8 jaar met 'n bedrag wat jaarliks betaalbaar is.

VRAAG 3**VERSOENINGS****[25 punte; 30 minute]****DEEL A**


Spot On is 'n algemene handelaar in Walvisbaai aan die weskus van Namibië wat deur Lenard Havenga besit word. Mnr. Havenga het sy niggie, Rita Rittman, in Julie 2024 as debiteureklerk aangestel nadat sy haar skoolloopbaan voltooi het. Na die aanstelling van me. Rittman het die onderneming baie klagtes van debiteure ontvang.

Spot On het op 1 Junie 2024 'n rekening vir K Kavari geopen. Jy word voorsien van K Kavari se staat vir Oktober 2024 wat per e-pos aan hom gestuur is.



SPOT ON

Posbus 982
Walvisbaai
Namibië



Aan: K Kavari

kkavari@fish.na

Staatdatum: 31 Oktober 2024

Bepalings: 30 dae

Kredietperk: R5 500

Datum	Beskrywing	Debiet	Krediet	Saldo
Julie 1	Rekening gelew			11 500
31	Faktuur 172	2 400		13 900
Aug 19	Faktuur 219	1 400		15 300
29	Faktuur 289	3 100		18 400
Sept 3	Rente op agterstallige rekening	115		18 515
24	Faktuur 301	8 440		26 955
28	Kwitansie 108		3 000	23 955
Okt 3	Rente op agterstallige rekening	154		24 109
15	Kwitansie 124		2 400	21 709

Rente sal maandeliks gehef word teen 12% p.j. op rekeninge wat vir meer as 60 dae uitstaande is.

Bykomende inligting:

- 'n Kennisgewing wat die volgende aandui, is saam met die staat aan K Kavari gestuur:
Geen verdere transaksies sal op rekening toegelaat word nie, tensy alle skuld ouer as 60 dae vereffen word en daar aan die kredietperk voldoen word.
- K Kavari het die akkuraatheid van die staat bevraagteken. Bewys van die volgende transaksies is deur K Kavari aan mnr. Samata (hoofrekenmeester van Spot On) gelew:
 - Kredietnota 120 is op 1 Augustus 2024 uitgereik, R2 000.
 - Kwitansie 79 is op 7 September 2024 uitgereik, R10 015.
 - Kredietnota 139 is op 25 September 2024 uitgereik, R3 400.

Nadat die transaksiedokumente hierbo ondersoek is, het mnr. Samata saamgestem dat hierdie dokumente deur Spot On uitgereik is.

DEEL B

PNA is 'n krediteur van Spot On. Die staat wat van PNA ontvang is, toon 'n saldo van R19 000 op 31 Oktober 2024 en dit verskil van die saldo in die Krediteuregrootboek van Spot On.

Skryfbehoeftes ter waarde van R5 000 is op rekening by PNA gekoop. Die faktuur word as 'n debiet weerspieël op die staat wat van PNA ontvang is. Spot On het hierdie transaksie op PNA se Krediteuregrootboekrekening gedebiteer.